


# TOULEIER:




Ek en kamermaatjie glip toe laas week weg vir trippie Lesotho toe. Ons het besluit ons huur liewer 'n ryding want mens weet mos deesdae nie hoe lyk onse paaie hier in Duskantland nie. Om nie eens te praat van ons buurland nie! Moet seg, daar is min verskil tussen die aantal slaggate in die pad. Ons gate is net dieper. Ek gaan haal toe vroeg laas Saterdag ons huurkar Ek het vroeër gereël vir 'n Volkswagen wat hoogte het en kry toe 'n outomatiese Cherry. Nog nooit van so 'n maak gehoor nie en laat my toe ompraat maar die Sjinese produk in plaas van 'n Toyota Cross. Dit was 'n moeilike besluit want ek het destyds toe ons nog die watertonnel vanaf Lesotho na Suid Afrika gegrawe het, juis soveel respek vir die Hilux gekry. Nie een van die meer bekende name kon by hom kers vashou nie. Gelate aanvaar ek toe maar die teken van die tye. Al hoe meer produkte kom deesdae uit Sjina.







Hulle is meesters van afloer en na-aap. Onthou jy nog "Gemaak in Japan"? Of "Vervaardig in Hong Kong"? Later, "Made in Taiwan"! Toe reën dit ook nog genoeg dat mens 'n ark kon begin pak.

Dit was maar 'n moeilike besluit aan watter kant van die grens ons moes ry.

Die twee lande ding ewe hard mee oor wie die grootste diepste gate in die pad het. Ons kies toe maar Vrystaat kant en moes net drie keer vir twintig minute elk wag in die gietende reën by stop en ry stasies. Laat middag kom ons by die Caledonspoort grens aan. Ons het sommer ook aandete vooruit bespreek by die Wynford oord daar naby die rivier. Douvoordag val ons Lesotho binne na 'n afwesigheid van amper dertig jaar.




Ek onthou dit soos gister. Laas keer was ons gekaap deur vier gewapende rowers!

Wat wag die keer vir ons? (word vervolg)

*Hennie en Annabelle*

# Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

GAAN NA WWW.ONSDORP.COM EN PLAAS JOU VAN DAAR

**Goeie nuus al julle Familienaam en Stamboom navorsers!** Ek het die voorreg gehad om onlangs telefonies te kon gesels met een van ons getroue lesers wat niemand anders is as die president van die GGSA nie!

**Hendrik Louw** is steeds aktief betrokke by die Genealogiese Genootskap van Suid Afrika. (GGSA) en sal ons help waar hy kan om mense op die regte pad te sit met hul stamboom navorsing.

Skryf gerus vir hom by hendrik@loogkolk.co.za (Loogkolk is die familieplaas van Hendrik se voorsate)

Jy kan self meer gaan lees oor GGSA by: https://genza.org.za/index.php/af/



## KAMMANUUS SE HELPMEKAAR STAMBOOM AFDELING

Lesers stuur die vanne waaroor hulle navorsing doen na my toe en ek plaas dit hier sowel as op ons webwerf www.onsdorp.com/stamboom waar daar dan inligting geruil word oor dieselfde vanne.
Stuur jou navraag na info@onsdorp.com en merk dit duidelik **STAMBOOM**.

**BAARD**

Johann Baard - baard.ja@gmail.com

**BLOMERUS**

Goeie dag, ek verwys na my vorige skrywe waarin ek verwys het dat my epos wat op u web verskyn gekaap is en my nuwe epos is: esgerina1@gmail.com

Dankie vir u moeite en groete,
Hennie Blomerus – Kroonstad

**VOGUS**

Suzanne Myburgh suzanm@talntic.net

# SPREEKWOORDELIKS

## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.'

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Haar:** Hare op die tande hê (baie deursettingsvermoë en durf hê)



Die Switsers was die eerste bekende huursoldate en sou by enige leër aansluit as die besoldiging reg was. In teenstelling met hulle neutrale beeld van vandag as koekoekklokmakers was hulle kranige krygers wat gevrees is vanweë hulle onverskrokkenheid. Om hierdie beeld verder te bevorder, het hulle woeste snorre gekweek wat hulle lippe grotendeels verberg het sodat dit gelyk het asof daar hare op hulle tande is. Dit het die vyand laat besluit dat iemand wat hare op sy tande het nie vir die duiwel sou stuit nie.

**Harnas:** Iemand die harnas in jaag (iemand kwaadmaak)

Die harnas is eeue gelede aangetrek as deel van die ridder se wapenrusting in 'n geveg. Om iemand dus sy harnas in te jaag, was om hom so kwaad te maak dat hy wil baklei.

**Heinde:** Heinde en vêr (naby en vêr)

Mense beklemtoon die heinde altyd asof dit 'n groot afstand aandui, terwyl die woord van hand afgelei is met die betekenis "naby". Dit beteken al in Middelnederlands "wat by die hand", dus "byderhand", dus "naby" is.

**Heler:** Die heler is so goed soos (as) die steler (wie gesteelde goed in ontvangs neem, is net so strafbaar as die dief)

Helen in Nederlands was om te verberg, weg te steek. As 'n mens dus gesteelde goed wegsteek, is jy voor die wet medepligtig aan die daad.

**Hoenderspoor:** Die hoenderspoor dra (in die gevangenis wees)

'n Merk wat naastenby soos 'n hoender se spoor lyk wat vroeër op staatseiendom aangebring is, onder andere op die klere van gevangenes.



**Hoog**: Ewe hoog en droog sit (Sonder om aan iets deel te neem)

Oorspronklik 'n verwysing na 'n posisie op ’n hoë plek waar vloedwater of die see nie kan kom nie, dus buite bereik van gevaar.

**Houtjie:** Iets op eie houtjie doen (iets doen sonder om ander te raadpleeg; iets doen op eie gesag)


Mense het somtyds twee kerfhoute (kerfstokke) gehad wat netjies in die lengte in mekaar voeg. Een is deur die koper en een deur die verkoper gehou. Op die houte is die transaksies tussen die twee aangeteken. As 'n nuwe transaksie op die stok aangebring moes word, is 'n keep oor albei dele van die saamgevoegde hout gekerf. Op hierdie manier het die twee partye te alle tye die stand van hulle rekening in die hand gehad en kon geen bedrog plaasvind nie. As een dus op sy eie houtjie 'n kerf gemaak het, was dit gou duidelik dat dit nie kon geld nie.

**Houtjie:** So slim soos die houtjie van die galg (baie slu, geslepe)

Slim in Middelnederlands het "skeef, skeel, skuins" beteken. Iemand was dus so skeef soos die houtjie van die galg. Dit was 'n figuurlike betekenis wat aangedui het dat daar 'n sekere slinksheid, selfs misdadigheid in die man steek. (In Latyn het scelus "misdaad" beteken.) Die houtjie van die galg is in die praktyk glad "geslyp" deur die tou wat gereeld daaroor gegly het ("slijpen" se vroeëre betekenis het juis met die handeling gly te make gehad). Dit was dus naderhand letterlik 'n geslepe houtjie, wat later 'n figuurlike betekenis verkry het. Een van die vroeëre betekenisse van geslyp was juis ook "glibberig" – en dit beskryf nog een van die kenmerke van 'n geslepe persoon



# Dié Maand se Giggels









KLINKKLARE BEWYS DAT MEESTE KONFLIKTE OPGELOS KAN WORD

- "Goedemorgen, is dit de autogarage?
- "Ja mevrouw, zegt u het maar."
- "Op mijn dashboard, brand het lampje van het kakkende mannetje, is dat erg?"
- "Kunt u mij alstublieft een foto sturen?"




- "Mevrouw, dat lampje geeft aan, dat de buitentemperatuur, vier graden onder nul is."

## PUNTE VIR DIE BLONDINE

'n Man beland op 'n oorsese vlug langs 'n blondine.

"Kan ek maar met jou gesels?" vra hy.

Blondine: "Waaroor?"

Man: "Wat van kernkrag?"

Blondine: "Weet jy waarom 'n bokdrol rond en hard is, en beesmis pap en plat is – terwyl albei diere gras vreet?"

Man: "Ek weet nie."

Blondine: "Presies. Jy kan nie eers oor bollie praat nie, en nou wil jy met my oor kernkrag kom praat!"




EET
RUSTIG
EET
SLIM



Liewe vriende,
Met Paastyd, winter of somervakansietyd vra almal maar eintlik na ’n tyd van rus en afskakel. Die laaste ding wat ons wil doen wanneer ons saam met vriende of familie wil kuier, is om vir ure in die kombuis te staan. Hoe ouer ek word, geld dit almeer ook as leefwyse…

Hierdie SLIM PLANNE van Heleen Meyer, pas ek graag toe om steeds lekker en gesond te eet en steeds my rustigheid te behou.
So bietjie VOORAF-BEPLANNING maak altyd ’n groot verskil vir jou inkopielys en die tyd wat jy spandeer om te kook. Besluit wat die vleis vir elke hoofmaaltyd is en skaf verder ’n verskeidenheid vars groente en vrugte aan waarmee jy kreatief kan wees.

1. Maak seker dat jy die BYKOSSE afwissel. So word jy nie moeg vir net brood en aartappels nie. Groente soos groot sampioene of selfs groente-sosaties is heerlik en vinnig om oor die kole gaar te maak.
2. Jy hoef nie elke keer ’n hele SPYSKAART uit te werk nie. Soos gesê: Sorg dat jy die vleis/ proteïen vir etes afwissel en maak een stysel/ groente en ’n slaai – dan is jou ete klaar. Skakel oordadigheid uit en fokus eerder op minder maar beter geregte.
3. Hou jul etes gebalanseerd en KLEURVOL, so bly dit gesond en interessant.
4. Maak die meeste van wat IN SEISOEN is. Waatlemoen, druiwe, perskes of aarbeie met feta en ’n paar roket- of slaaiblare is ’n heerlike slaai met vleis, en blitsvinnig om te maak.
5. Hou altyd ‘n paar BYKOMSTIGHEDE soos geroosterde sonneblomsade, en ’n mengsel neute en selfs ’n groot fles gekaramelliseerde uie byderhand. Daarmee kan jy vinnig iets se geurprofiel verander, bv saam met geroosterde groente, slaai of die uie op ’n toebroodjie.
6. Basiese GEURMIDDELS soos ’n lekker olyfolie, balsamiese asyn, mosterd, gemengde kruie, gemaalde komyn en paprika is altyd ’n baie goeie beginpunt vir lekker marinades, slaaisouse of as bykomstigheid.
7. Maak ’n BASIESE TAMATIESMOOR vooraf in grootmaat en vries dit in porsies. Spaar tyd en moeite om daarmee ’n vinnige sous met braaivleis te kan voorsit. Gebruik dit as basis vir ’n pizza of pastasous of selfs met oorskiet-vleis vir ’n aandete in ’n japtrap.
8. Maak genoeg van die aand se proteïen, sodat daar vir die VOLGENDE DAG se middagete iets oor is. Maak net ’n slaai by of sit dit op broodjies, vir ’n ligte ete.
9. Beplan jul naweke so dat net TWEE KEER op ’n dag geëet word, met ’n vullende laat-ontbyt en dan vroeë aandete. Afwisseling is so goed soos ‘n vakansie!
10. Maak nie saak waar jy moet kosmaak nie, sorg altyd dat jou gunsteling SKERP MES en GOEIE PAN byderhand is– dit maak dinge net soveel makliker as jy die regte toerusting het.

Tot volgende keer!

Mooi groetes,

Retha



# NOG 'N PAAR GIGGELS



Manne....
.....as jy op 'n vrou afkom wat
'hot', seksie, lojaal, nie materialisties,
en finansieel onafhanklik is.
En sy kan haar ding in die kombuis regdoen.
En as jy sê spring dan vra sy hoe hoog.
En sy glo jy is die enigste 'handsome' ou
op aarde.
En sy kan die Stormers se gebrek aan
'n 'game-plan' aan jou vrinne uitlê.
En sy weet wat om te doen as jy sê,
"Nou gaan ons braai"!
En sy was jou bakkie sonder dat jy vra.
En sy luister na elke woord wat jy sê.
En sy val jou nooit in die rede nie.
....dan moet jy weet die dagga wat jy rook
is Top Kwaliteit!!!

Meeste mans is soos tee.
Hulle raak al hoe sterker hoe
meer hulle getrek is.






Nog 'n Engelse Kroeg wat na
'n Mitiese figuur vernoem is

SY: Daar is iets daar buite!
HY: Laat die hond gou gaan kyk.
HOND:



DAAR KOM 'n TYD
WANNEER JY BESEF
DIS TYD OM AF TE TREE





# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

## TIERFONTEIN KONTANTWINKEL SE STORIES




### My ma se rok

**Vanaf Kosie Opperman se blog**

Tierfontein is nêrens op ’n kaart te vinde nie, want eintlik is dit ’n spoorwegstasietjie langs spoorlyne wat nêrens heen lei nie…

Tierfontein Kontantwinkel is ’n winkel van ’n ander kleur en geur – alle paaie het daarheen gelei. Dit was die vulstasie, die meule, die poskantoor, die eierdepot en die vergaderplek van versukkelde en moedelose boere.

Van my kleinste tyd af, was winkel toe gaan ’n weeklikse hoogtepunt. Pa het vir my ’n lang stuk drop gekoop, en kouend het ek my verlustig aan alles wat te kope uitgestal word. Die donker winkeltjie was altyd vol – propvol. Roltabak, blikemmers, lanterns, rieme en alles wat kon hang, het van die dak af na onder getuimel. Negosiegoed was uitgepak op toonbanke en kaste. Een toonbank het ’n glasvoorkant gehad en agterin was wonderlikhede soos krale, kantsakdoekies, spieëltjies en lekerruikpoeier. Die geure van saals en tome, nat blouseep, Duitse sis en roltabak was betowerend, en kon my wegvoer na vêr, vêr lande, maar dan moes ek my oë toeknyp.

Wat nie in die winkel te koop was nie het oom Van en Tannie Nellie by die trêveller bestel. So bel Tannie Nellie soms vir Ma om te sê dat dié man met tasse vol mooi goed by die winkel is, en dat sy moet kom kyk.

Ek was al groot en getroud, toe het hierdie gebruik nog my Ma se plaasbestaan opgehelder. Ma het gewoonlik ’n rok of twee, bloese, linne en slaapklere bestel, want die pryse was so billik.

Ek en Ma loop met egte plattelandse nuuskierigheid deur die groot, groot winkel met twee-en-vyftig betaalpunte. Ook nie aldag wat ons Johannesburg besoek nie. Nie net ons "aan niks gewoond"-vergaping gee ons weg as vanaf die plaas nie, maar ook ons kleredrag. Die feit dat dit Dinsdag is, het ons nie laat afsien om ons Sondagrokke aan te trek nie. Kouse, polvye en gedoende hare rond die prentjie baie mooi af. Mense van die plaas wil mos darem wys dat hulle ook weet van mooi aantrek. Maar almal om ons is so getekkie en gedenim en ons is so gekous en gerok – kerkrok!

Nietemin, verkyk ons ons aan al die vreemde items op die rakke, die verskeidenheid van blikkies vis, giggel guitig oor die pakke toiletpapier wat reg langs 'n reuse draadmandjie vol Brooklax uitgestal is.

'n Dame met 'n piepende, oorvol trollie steek dwars voor ons vas, en gaan op Engels af soos 'n goedkoop Westclock. Ma kyk verward-desperaat na my, want haar Engelse woordeskat bestaan uit net "Yes" en "No" en "Golden Syrup". Ek probeer om die gesprek op my beste Vrystaatse Engels te onderhou en verstaan darem baie goed dat sy boosaardig kwaad is. Sy bedui en waai met haar diamantbelaaide hande en rook en pruim haar lang sigaret gelyktydig.

Oor 'n koppie tee verduidelik ek aan Ma waaroor alles gegaan het. Die vreemde wese met die trollie wou weet waar Ma haar rok gekoop het en ek het verduidelik waar ons vandaan kom. Tierend vertel sy hoe sy haar "garments" net in "Paris" (dis nou in Frankryk) koop. Haar "exclusive summer wardrobe" is gewaarborgde "limited models", en nou het Ma wraggies net so 'n rok soos hare.



Ek kyk weer net nuwe oë na Ma se rok. Pragtige poukleure met 'n fyn paisley-ontwerp – regtig baie mooi.

"Mamma" wil ek weet, "waar het Mamma dan die rok gekoop?" Die ou-blou oë vonkel prettig terwyl sy die syerige kragie troetel – "by Tierfontein se winkel, my kind".

TOT VOLGENDE MAAND!